basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VISUELE KUNSTE

RIGLYNE VIR
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2026

Hierdie riglyne bestaan uit 43 bladsye.
Hierdie riglyne moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

1.	**INLEIDING**	3
2.	**RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSERS**	4
2.1	Idees en benaderings om Onderwerp 1 te lei	6
2.2	Idees en benaderings om Onderwerp 1 te lei	7
2.3	Hoe om die PAT'e te administreer	8
2.4	Retrospektiewe uitstalling (PAT-uitstalling)	8
2.5	Hoe om die praktiese take te assesseer/na te sien	11
2.6	Moderering van praktiese take	13
2.7	Verklaring van egtheid	14
3.	**RIGLYNE VIR DIE LEERDER**	**15**
3.1	Instruksies vir die leerder	15
3.2	Vereistes: Jaarplan	23
3.3	Assessering	24
3.4	Awesigheid/Take nie ingelewer nie	25
3.5	Aanbiedingsvereistes	25
3.6	Tydraamwerke	25
3.7	Verklaring van egtheid	25
4.	**BRONNELYS**	**26**
5.	**GEVOLGTREKKING**	**26**
BYLAE A:	**VERKLARING VAN EGTHEID**	**27**
BYLAE B:	**VOORBEELD VAN 'N PRAKTIESE TAAK**	**28**
BYLAE C:	**DIE GEBRUIK VAN KI-GEGENEREERDE VISUELE BEELDE/INLIGTING**	**43**

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie
- KUNSTE: Dansstudies, Dramatiese Kunste, Musiek, Ontwerp, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp
- TEGNIES: Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde

'n Praktiese assesseringstaak(PAT)-punt is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke met 'n praktiese komponent en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT, wat afgebreek word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite wat die PAT opmaak, word in die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Die PAT bied aan leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat geassesseer kan word nie, bv. 'n geskrewe toets of eksamen. Dit is dus belangrik vir skole om te verseker dat alle leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat hulle aan die einde van die skooljaar hul uitslae kry. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

Kopiereg voorbehou

2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER

In Visuele Kunste bied die praktiese take geleenthede aan leerders om hul tegniese vaardighede te ontwikkel, terwyl materiale, idees en konsepte verken word. Hierdie vaardighede ontwikkel geleidelik oor tyd van graad 10 tot 12.



Die Nasionale Departement van Basiese Onderwys (DBE) het besluit dat Visuele Kunste-onderwysers hul eie SGA-take sal opstel weens die kreatiewe aard van die vak. Bylae B op bladsy 28 is 'n voorbeeld van 'n praktiese taak wat onderwysers as een van hul praktiese take in 2026 kan gebruik.

Vir Visuele Kunste moet **TWEE** praktiese projekte in die eerste helfte van die jaar voltooi word. Praktiese taak 1 moet in Kwartaal 1 en Praktiese taak 2 moet in Kwartaal 2 voltooi word. Elke praktiese taak moet uit Onderwerp 1 (Bronboek) en Onderwerp 2 (Kunswerk) bestaan. Beide praktiese projekte word intern opgestel en per kwartaal deur die onderwyser geassesseer.

Die punte word soos volg toegeken:

- **Onderwerp 1** (Bronboek): word as deel van die SGA-punt aangeteken
- **Onderwerp** (Kunswerk): word as deel van die PAT-punt aangeteken en slegs aan die einde van die jaar weerspieël

Die PAT sal in Kwartaal 3 in die vorm van 'n uitstalling aangebied word. Die uitstalling bestaan uit die kunswerke (Kunswerk 1 en Kunswerk 2) wat gedurende Kwartaal 1 en 2 voltooi is (minimum vereiste), plus een of twee graad 11-kunswerke. Die kunswerke (Onderwerp 2) van Kwartale 1 en 2 vir die PAT-uitstalling word elke kwartaal informeel formatief geassessseer en sal in Kwartaal 4 ekstern nagesien en gemodereer word as deel van die uitstallingsproses.

TAAK 6 PAT (Deurlopende assessering van Kwartaal 1 tot Kwartaal 3)			
KWARTAAL 1	**KWARTAAL 2**	**KWARTAAL 3**	**KWARTAAL 4**
KUNSWERK 1 Onderwerp 2 (informele formatiewe assessering)	KUNSWERK 2 Onderwerp 2 (informele formatiewe assessering)	PAT-UITSTALLING	
PAT-uitstalling (ekstern geassesseer)			
100			

Op grond van die kreatiewe aard van die vak en die waarde wat aan selfuitdrukking geheg word, mag leerders nie deur die minimum vereistes ingeperk word nie en moet hulle toegelaat word om meer werke te doen wat verband hou met die twee temas wat hulle ondersoek het. Onderwysers moet selfuitdrukking en individualiteit van leerders met hierdie uitstalling aanmoedig. Aan die begin van Kwartaal 3 moet leerders die geleentheid gegun word om hulle praktiese werk verder te ontwikkel en tot 'n samehangende en holistiese groep kunswerke uit te brei, wat in die konteks van 'n uitstallingsomgewing gesien word.

Leerders moet die praktiese assesseringstaak in die vorm van 'n **geskrewe opdrag** ontvang om hulle van die volgende in kennis te stel:

- Die presiese doel of eindproduk wat van die taak verwag word met betrekking tot medium, grootte, ens.
- Bronne beskikbaar vir verwysing/navorsing/ondersoeke/eksperimentering
- Assesseringsprosedures en -kriteria wat gebruik gaan word
- Presiese, nie-onderhandelbare datums vir die inlewering van werk met kontrolepunte gedurende die proses
- Enige moontlike beperkings en/of riglyne vir die opdrag
- Toepaslike mediums, tegnieke en/of benaderings vir die opdrag

Dit is 'n goeie idee om die skriftelike opdrag ná 'n aktiwiteit of reeks aktiwiteite te gee wat vaardighede en idees bekendstel. Onderwerp 1 kan bestaan uit 'n reeks 'boublokke' wat agtereenvolgens gegee word om leerders aan te moedig om te eksperimenteer en vaardighede te ontwikkel. Met sorgvuldige beplanning kan die onderwyser take verskaf wat eksperimentering en navorsing van 'n reeks moontlikhede aanmoedig om te verhoed dat leerders by 'n eerste idee vashaak. Dit sal help met die pas waarteen die bronboekproses geskied en kan help om te verseker dat daar werk in die bronboek is.





Algemene riglyne wanneer die praktiese assesseringstaak opgestel word:

- Dit word sterk aanbeveel dat onderwysers hulle eie praktiese assesseringstake opstel om te verseker dat die take verband hou met hul leerders se belangstellings, ervarings en omstandighede. Moedig 'eerlikheid' aan sodat leerders se kunswerke spreek van hulle ervarings, idees en gevoelens en hulle nie 'tweedehandse' of oppervlakkige werk lewer nie. Dit is belangrik om die leerders te lei om hierdie ervarings te omskep deur die kunsmaakproses deur toepaslike media, vakke en benaderings te gebruik.
- Kontekstuele faktore van die skool moet in ag geneem word, naamlik die materiaal, toerusting en geriewe by 'n skool, asook hulpbronne beskikbaar vir leerders. Met hierdie in gedagte, laat ruimte toe vir leerders om te innoveer en persoonlike interpretasies te gee. Met ander woorde, wees realisties oor die leerders se konteks en vind maniere om hulle uit te daag aangesien hulle dikwels die geleentheid suksesvol sal benut.
- Die praktiese take moet gepas wees vir die vlak van ontwikkeling. Terwyl praktiese take in graad 10 ontwerp kan word om die nodige tegniese vaardighede, materiale of tegnieke aan te leer, moet die praktiese take teen graad 12 voldoende oop-einde opdragte wees om leerders in staat te stel om oorspronklike en kreatiewe kunswerke te ontwikkel. Sterker individuele interpretasies en style word van graad 12-leerders verwag.
- 'n Tema met ’n oop einde kan en moet gepaard gaan met duidelike verwagtinge en riglyne. Leerders ontwikkel dikwels kreatiewe benaderings wanneer hulle met idees speel en verskillende benaderings ontwikkel in reaksie op doelgerigte take wat hulle deur die kreatiewe prosesse lei. Die geïndividualiseerde aard van die kreatiewe proses moet met struktuur gebalanseer word, sodat leerlinge nie verlore raak of heeltemal alleen gelaat word om uit te vind hoe om vorentoe te beweeg nie. Die bronboek kan noukeurig gelei word met spesifieke vereistes (soos tekeninge om idees of navorsing te ontwikkel) en tussentydse sperdatums.
- Baie onderwysers kan op 'n breë tema vir die jaarlikse praktiese werk besluit en dit dan onderverdeel in spesifieke aspekte van die tema, met ander woorde een per kwartaal. Dit kan lei tot 'n meer samehangende groep werke in die retrospektiewe uitstalling.

2.1 Idees en benaderings om Onderwerp 1 te lei

Informele en formele voorbereiding vir praktiese werk moet in 'n bronboek spesifiek vir Visuele Kunste aangeteken word.

Die bronboek gee insig oor die manier waarop die leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. **Die bronboek moet alle denkprosesse wat tot die maak van kunswerke gelei het, duidelik oordra.**

Hierdie bronboek is NIE 'n formele, netjiese notaboek NIE, maar eerder 'n ekspressiewe, persoonlike 'dagboek' van idees en prikkels wat 'n individu se eie styl, belangstellings en persoonlikheid weerspieël. Leerders moet al hul konseptuele idees, beplanning, 'rondspeel' en verkennende werk in hul Visuele Kunste-bronboek plaas. Dit moet vol, opwindend en 'n bron van idees en beelde vir gebruik in die praktiese take wees.

Die Riglyne vir die Leerder op bladsy 15 in hierdie dokument verskaf meer gedetailleerde inligting oor die proses van konseptualisering in die bronboek.

Die bronboek moet die volgende insluit:

- Sketse en voorbereidingstekeninge. Teken is 'n verpligte deel van alle praktiese opsies in Visuele Kunste. Verwys na bladsy 20 in die Riglyne vir die Leerder vir 'n breë definisie van 'teken'.
- Visuele beelde, artikels, uittreksels, voorbeelde, foto's, ens. deur die leerder versamel
- Krabbels ('Doodles'), woorde, sketse, skryfstukke wat met die leerder se ervarings en konteks verband hou
- Navorsing oor en studie van 'n wye verskeidenheid kunstenaars, asook voorbeelde wat hulle praktiese werk sal inspireer.

- Enigiets anders wat die leerder stimulerend en/of van persoonlike waarde vind en wat as 'n bron vir sy/haar praktiese werk kan dien soos objekte (stukkies papier, verpakking)
- Ondersoek verskillende tegnieke en materiaal
- Dokumentasie van enige proseswerk

Onderwysers moet:

- Die konseptualiseringsproses in die bronboek fasiliteer en lei. Baie min leerders kan 'n opdrag op hul eie voltooi. Dit word van die die Visuale Kunste-onderwyser verwag om die kreatiewe proses van die begin tot einde te lei.
- Leerders lei om idees te ontwikkel deur vanaf eerstehandse waarneming (vanaf die werklikheid) te werk.
- Demonstreer, verduidelik en verwys na die werk van relevante kunstenaars wanneer spesifieke temas bekendgestel word om te put uit leerders se kennis van Onderwerp 3: Visuele Kultuurstudies.
- Leerders aan 'n verskeidenheid kunstenaarsboeke blootstel en beklemtoon dat die ontwikkelingsproses van 'n kunswerk belangriker as net 'n netjiese 'plakboek' is. Daar is geen voorskrifte ten opsigte van die grootte nie – dit kan A3, A4 of enige ander grootte wees sonder om die kwaliteit en kwantiteit van die verwagtinge van die graad 12-leerders in te boet.
- Leerders aanmoedig om die bronboek vir skryf- en sketswerk te gebruik om op dié manier verder as die vasgestelde opdrag te gaan.
- Moedig leerders aan om selfversekerde en berekende risiko's te neem, nuwe idees en prosesse uit te probeer sonder vrees vir mislukking.
- Dit is belangrik om die leerders se werk deurlopend deur die jaar te bekyk en te bespreek. Dit help om hulle sterk- en swakpunte te identifiseer.
- Deurlopend informele assessering doen deur die vordering van leerders se werk te bespreek. Onderwyserleiding is altyd 'n interaksie of uitruiling tussen leerder en onderwyser. Onderwysers luister na leerders se idees en belangstellings en gee terugvoer oor hulle werk. Om na leerders te luister, laat hulle deel van die proses voel en nadink oor hulle werk.
- Op praktiese vlak word dit bereik deur te begin met erkenning van die positiewe aspekte binne die leerders se werk en dan te beweeg na areas wat verbeter kan word. Gaan in dialoog met 'n leerder, bv. 'Ek dink dit sal meer effektief wees as jy dit verander. Wat dink jy?' Onderwysers moet sensitief wees en so skadelike kritiek vermy.
- Onderwysers kan ook 'kritieksessies' fasiliteer vir leerders om die werk van hulle klasmaats op 'n konstruktiewe manier te bespreek.

2.2 Idees en benaderings om Onderwerp 2 te lei

- Daar is 'n fyn balans wat vereis word in die leiding van leerders se praktiese werk. Dit is die onderwyser se plig om die leerder te help om hulle eie kreatiewe stem te vind. Dit beteken onderwysers moet oopkop bly oor uiteenlopende oplossings vir praktiese projekte en konstruktiewe terugvoer gee sonder om hulle idees op leerders af te dwing.
- Die doelwit is om leerders se persoonlike uitdrukking te behou, terwyl hulle verder as hulle huidige kapasiteit uitgedaag word; onderwysers moet probeer om leerders te lei om die kunsprosesse wat in die projekopdrag uiteengesit is, te volg om met hulle eie oplossings vorendag te kom.
- Sommige leerders is noukeurige beplanners terwyl ander meer instinktief werk. Moedig hulle aan om met hulle spesifieke sterkpunte in dié verband te werk. Ons sien 'n soortgelyke situasie met kunstenaars. Party kunstenaars doen noukeurige beplanning voordat hulle met 'n kunswerk begin, terwyl ander, bv. sommige Surrealiste en Abstrakte Ekspressioniste, meer 'vry' begin en die werk algaande gedurende die skeppingsproses ontwikkel. Wees buigsaam genoeg om leerders toe te laat om verskillende maniere te gebruik om kunswerke te skep
- Kreatiewe aktiwiteit kan op verskillende vlakke plaasvind; vanaf die laer vlak waar 'n pastiche ('n kreatiewe collage van style) van 'n bestaande idee of werk geskep word, tot die hoogste vlak waar 'n heeltemal vars en individualistiese proses en/of uitkoms ontwikkel word. Een van die maniere om leerders na persoonlike uitdrukking en innoverende oplossings te lei, is om eksperimentering in media wat hulle goed ken en met verskillende media aan te moedig. Dit kan klein skilderye, collages ens. insluit.

- Soms is dit nodig om leerders te help om bronmateriaal wat oppervlakkig is of nie esteties is nie, uit te skakel. Esteties beteken nie 'mooi' nie. Sommige van die 'lelikste' beelde kan in 'n kunswerk op 'n ongelooflike wyse weergegee word.

Besinning/Nabetragting:

- Aan die einde van elke praktiese assesseringstaak moet daar 'n vorm van besinning/ terugvoering wees oor die werk wat elke leerder geskep het om die verdere ontwikkeling van die leerder te verseker.
- Dit kan selfbesinning, klas-/onderwyserbesinning en -nasien, portuurbesinning of 'n oop kritieksessie wees wat deur die onderwyser en die leerder gelei word. Dit kan skriftelike of mondelinge terugvoer wees.

GEDRAGSKODE VAN SKOOL

- Onderwysers moet toesien dat alle werk aan die gedragskode van hulle skool voldoen.
- Eksplisiete onderwerpe en visuele beelde moet vermy word.

2.3 Hoe om die PAT'e te administreer

- Maak seker dat kunsmedia beskikbaar is.
- Maak seker dat genoegsame tyd aan die praktiese take (kies kontaktyd gedurende en/of na skool) bestee word.
- Maak seker dat kontrolepunte en sperdatums nagekom word.
- Pas deurlopend informele assessering toe.
- Voltooi formele assessering volgens die rubriek.
- Volg die skool se beleid ten opsigte van die indiening van punte.
- Voltooi sigblaaie ('spreadsheets') wat deur die provinsie verskaf word.
- Praktiese assesseringstake se punte en onderwyserportefeuljes moet altyd vir kluster-/ provinsiale moderering beskikbaar wees.
- Alle kunswerke moet ten alle tye vir uitstallings, eisteddfods en kunstefeeste beskikbaar wees en bly die eiendom van die DBE totdat die finale uitslae vrygestel word. Die veilige bewaring van die kunswerke is die skool se verantwoordelikheid.
- Veilige berging/bewaring van praktiese werk moet deur die skool verskaf word.

2.4 Retrospektiewe uitstalling (PAT-uitstalling)



Aan die einde van graad 12 moet leerders 'n retrospektiewe (PAT-) uitstalling van hulle werk as deel van hulle eksamenpunt aanbied. Hierdie uitstalling toon wesenlike bewyse van die leerders se Visuele Kunste-konseptualisering, tegniese vaardighede en kennis wat mettertyd ontwikkel het. Dit vertoon die leerders se praktiese ontwikkeling in die aanbieding van 'n samehangende groep kunswerke soortgelyk aan 'n klein eenpersoonssuitstalling of studentegraduerings-uitstalling. Dit het spesifiek te doen met die bestuur van proses en aanbieding wat deel vorm van Onderwerp 2.

Onderwerp 2: Die skep van kunswerke

Volgens die KABV moet graad 12-leerders hulle eie werk vertoon, uitstal of aanbied op 'n manier wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk en komplementeer.

Kontrolelys vir die uitstalling

- Die kunswerke (Onderwerp 2) van die twee praktiese take (Kunswerk 1 en Kunswerk 2) is verpligtend en volgens minimum vereistes.
- Een of twee graad 11-kunswerke om ontwikkeling en progressie te toon.
- Graad 12-leerders moet die geleentheid gebruik om hulle praktiese take (Kunswerk 1 en Kunswerk 2) verder te ontwikkel en uit te brei na 'n samehangende en holistiese groep werke wat in die konteks van 'n uitstallingsomgewing gesien word. Daarom kan leerders meer werke uitstal wat bewys lewer van hierdie proses, bv. werk wat op hulle eie gedoen is en/of die uitbreiding van hulle tema(s) in meer kunswerke.
- L**eerders mag nie ingeperk word deur die minimum vereistes nie, maar kan toegelaat word om meer werke te doen wat verband hou met die twee temas wat hulle ondersoek het. Ons moet leerders se selfuitdrukking en individualiteit in hierdie uitstalling aanmoedig.**
- Die bronboek(e), alhoewel dit reeds geassesseer is, moet vertoon word om die ontwikkeling na die finale kunswerk(e) te toon.

Aanbieding

- Die skool moet die ruimte vir die uitstalling verskaf, bv. die skoolsaal, kunsklas.
- Onderwysers moet leerders bewus maak van die belangrikheid van die aanbieding van hulle werk en riglyne verskaf vir 'n netjiese, professionele uitstalling.
- Die leerders se name moet duidelik vertoon word en die graad 12-take moet duidelik gemerk word.
- Die raam van werke is onnodig, maar in baie gevalle sal eenvoudige montering die werk beter laat vertoon.
- Leerders moet hulle daarvan weerhou om rekwisiete, bykomstighede of onnodige tierlantyntjies te gebruik. Die uitstalling moet 'n bewustheid van professionele uitstallingspraktyke toon.
- As rekenaars nodig is om digitale werk te toon, moet onderwysers seker maak dat die rekenaars werk en dat hulle die wagwoorde ken.

Assessering

Hierdie groep kunswerke sal holisties geassesseer word.

Die volgende is 'n riglyn van aspekte wat tot die finale geldige punt sal lei:

- Algehele vordering en ontwikkeling van die leerder tot onafhanklike en individuele oplossings
- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniese vaardighede
- Persoonlike betrokkenheid en uitdrukking in die proses en finale werke
- Die bronboek kommunikeer slegs as 'n skakel wat inligting bied oor finale besluite in die kunswerk, aangesien dit reeds as deel van die SGA geassesseer is.
- Volpunte kan nie toegeken word as alle vereiste kunswerke nie aangebied word nie. Punte moet aangepas word volgens die werke wat aangebied word.
- Die beskrywende rubriek, ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK, op bladsy 11 en 12, MOET gebruik word om standaardisering te verseker.

ASSESSERINGSKRITERIA

Hierdie groep kunswerke sal holisties geassesseer word

KRITERIA
Algehele indruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering: Ontwikkeling van nuwe en unieke antwoorde/oplossings
Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke: Geskiktheid van materiaal en tegnieke volgens die konsep. Veiligheid en bestuurbaarheid. Tegniese vaardighede getoon
Gebruik van formele kunselemente: Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, verhouding en komposisie
Interpretasie en praktiese implementering van tema(s): 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema. Eksperimentering en bewyse dat nuwe uitdagings hanteer is
Voltooiing en aanbieding van kunswerk: Aandag aan detail. Taak binne tydsduur voltooi. Aanbieding volgens taak.
Kuratorskap (Aanbieding) van uitstalling: Professionaliteit, duidelik, ens.
TOTAAL: 100





2.5 Hoe om die praktiese take te assesseer/na te sien

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

Uitstaande	90–100	• Die leerder het baie idees gegenereer; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voordat een idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; bemeestering van probleemoplossingsvaardighede. • Poging veel meer as wat vereis word. • Die 'WOW'-faktor is duidelik. • Werke toon 'n groot mate van innovering. • Inhoud/konseptuele rykdom van die werk is uitstekend. • Die werk in geheel spreek van selfvertroue en is stemmingsvol; dit betrek die kyker met uitstekende visuele kwaliteite. • Die werk toon duidelik oorspronklike visie, 'n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en die vindingryke artikulasie van 'n wye verskeidenheid elemente en beginsels. • Uitstaande en oorspronklike aanbieding. Buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend, vlot, hoë vaardigheid, waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings.
Uitstekend	80–89	• Treffende impak; meestal soos hierbo; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en weldeurdag; minder opgelos; 'n paar geringe foute sigbaar. • Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar daar is 'n gebrek aan tegniese rykheid.
Baie goed	70–79	• Goed georganiseerd, soos hierbo, maar 'sprankel' ontbreek (minder oortuigend ten opsigte van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite met oorspronklike aanbieding; 'n paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar. • Goeie bewys van moeite en toewyding. Interessant/innoverend/ kreatief, maar nie tegnies opgelos nie. • Tegnies goed, maar konseptuele rykheid ontbreek, of andersom. Werk mag kreatief innoverend wees, maar tegniese vaardighede ontbreek.
Goed	60–69	• Die werk demonstreer 'n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige, direkte gebruik van medium; vertoon begrip, maar neig soms na die alledaagse en stereotipiese reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite gedoen met aanbieding; steurende/ duidelike teenstrydighede. • Goeie vlak van bevoegdheid
Gemiddeld	50–59	• Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig. • Verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings wat nie altyd duidelik geïdentifiseer nie. • Aanvaarbare aanbieding; baie steurende teenstrydighede. • Gemiddelde vlak van tegniese bevoegdheid. Moontlike beperkte betrokkenheid ten opsigte van tyd en moeite. • Beelde is van 'n ander bron gekopieer met min transformasie van beelde. • Min bewyse dat iets ongewoon probeer is. • Omvang van werk is eng en/of herhalend.

Onder-gemiddeld	40–49	• Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie. • Beperkte keuses van inligting; swak tegniese vaardighede en/of gebrek aan tyd aan taak gewy, kan bydraende faktore wees. • Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding wat ondersteuning/motivering benodig om te slaag. • Beeldgebruik is van 'n ander bron gekopieer met baie min transformasie. • Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewyse van beplanning nie of onvolledige beplanning.
Swak	30–39	• Net genoeg materiaal/werk om te slaag. • Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik. • Geringe poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie. • Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/ motivering om te slaag • Onvoldoende tyd aan taak gewy. Standaard onder die aanvaarbare. • Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig. Geen bewyse van oorspronklike denke nie.
Baie swak Druip	20–29	• Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting. • Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking. • Baie swak vaardigheidsvlak. • Projek is baie swak of onvoltooid. • Swak estetiese/kunssinnige besluitneming. • Klasse is gemis en leerder kon nie die tyd inhaal nie.
Onaanvaar-baar Druip	0–19	• Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking. • Werk onvoltooid. • Swak kunssinnige besluitneming/leerder het geen moeite gedoen nie. • Die meeste klasse is gemis en leerder kon nie die tyd inhaal nie. .



2.6 Moderering van praktiese take

Moderering is noodsaaklik vir gehalteversekering en moet gereeld plaasvind. Die templaat hieronder kan vir interne (skool) en eksterne (provinsiale) moderering van die praktiese take gebruik word.

VISUELE KUNSTE: MODERERING VAN PRAKTIESE TAKE				
SKOOL		**VAK**		
GRAAD		**DATUM**		
ONDERWYSER		**MODERATOR**		

	DIE PRAKTIESE TAAKOPDRAG	√ **OR** x
	Vaknaam, graad en jaar.	
	Duidelike instruksies oor wat verwag word, wat van toepassing is op die spesifieke graad.	
	Realistiese verwagtinge vir die spesifieke graad	
	Visuele inspirasie	
	Die opdrag gebaseer op Williams se taksonomie skep die geleentheid om die volgende te ontwikkel: • **Vloei** (die generering van idees, antwoorde, reaksies, moontlikhede vir 'n gegewe situasie/probleem)	
	• **Buigsaamheid** (die generering van alternatiewe, variasies, aanpassings, verskillende idees/oplossings/opsies)	
	• **Oorspronklikheid** (die generering van nuwe, unieke en ongewone antwoorde/oplossings)	
	• **Uitbreiding** (die uitbreiding, vergroting, verryking of verfraaiing van idees om dit makliker te maak vir ander om te verstaan of om dit meer interessant te maak)	
	• **Neem risiko's** (eksperimentering, die probeer van nuwe uitdagings)	
	• **Kompleksiteit** (die vermoë om struktuur uit chaos te skep, om logiese orde in 'n gegewe situasie te bring en/of die ontbrekende dele te sien)	
	• **Nuuskierigheid** (die vermoë om te wonder, na te dink, te oorweeg of te raai)	
	• **Verbeelding** (die vermoë om denkbeeldige prentjies te bou, moontlikhede en nuwe dinge te visualiseer of verby praktiese beperkinge te reik)	
	Duidelike assesseringskriteria	
	Sperdatums en tydsbestuur	
	KOMMENTAAR:	
2.	**ASSESSERING VAN PRAKTIESE TAKE**	
	Van toepassing op die spesifieke graad, in ooreenstemming met die standaard van die provinsie, bv. realistiese puntetoekenning	
	Gebruik van assesseringskriteria	
	100 punte vir bronboek sluit die assessering van die volgende in**:**	
	• Konsep-ontwikkeling	
	• Navorsing, ondersoek, eksperimentering	
	• Prosestekeninge	
	• Aanbieding en algehele voorkoms	
	As al die bogenoemde nie van leerders verwag is nie, was daar 'n betekenisvolle en/of kreatiewe alternatief?	
	100 punte vir kunswerk(e) sluit assessering van die volgende in**:**	
	• Keuse en gebruik van material/tegnieke	
	• Gebruik van formele kunselemente	
	• Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	
	• Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	
	• Voltooiing en aanbieding van kunswerk	
	As al die bogenoemde nie van leerders verwag is nie, was daar 'n betekenisvolle en/of kreatiewe alternatief?	
	KOMMENTAAR:	

2.7 Verklaring van egtheid

Verwys na BYLAE A op bladsy 27.







3. RIGLYNE VIR DIE LEERDER

3.1 Instruksies vir die leerder

ONDERWERP 1 – BRONBOEK (Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees)

'Kreatiwiteit is nie 'n geheimenis nie. Daar is bewese tegnieke om kreatiwiteit te verbeter, en dit is binne die bereik van enigiemand.'
– Dr Keith Sawyer, 'n toonaangewende kenner van kreatiwiteit

Die volgende is gebaseer op Sawyer se agt-stap-kreatiwiteitsprogram om jou in die bronboekproses te lei. Jy hoef nie hierdie stappe in 'n lineêre volgorde deur te werk nie. Elke stap is herhalend (herhaal, hersien, herbesin), wat beteken dat jy dalk ook terugkom om vroeëre stappe te heroorweeg.

BRONBOEK-TEMPLAAT

	ONDERWERP 1: Agt stappe	**Aksie**	**Konsepontwikkeling**	**Prosestekeninge** Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsepontwikkeling te verduidelik	**Aanbieding en algehele voorkoms**
1.	**Vra** *Vind die probleem*	**Ondersoek** die tema/vraag van die opdrag.			
2.	**Leer** *Versamel toepaslike inligting*	**Dinkskrum:** breinkaarte, woordspeletjies, persoonlike refleksies, ens.			
3.	**Kyk** *Verkry die kennis*	**Navorsing** oor kunstenaars wat jou inspireer **Versamel** materiaal wat jou inspireer bv. foto's, beelde, versamelde gedigte en lirieke. Wees op hierdie stadium ontvanklik en doen omvattende versameling.			
4.	**Speel** *Ontwikkeling*	**Eksperimentering** van **media** en/of verskillende **tegnieke** (kry inspirasie uit die kunstenaars wat jy nagevors het)			
5.	**Dink** *Ontwikkel idees*	**Vind** jou onderwerp **Teken** en **neem foto's** van jou onderwerp. Begin om **komposisiesketse** met aantekeninge te maak.			
6.	**Integreer** *Kombineer idees*	Begin om met jou idees rond te speel en te soek na **onverwagte kombinasies.** Verbind jou verskillende idees, skakel sommige uit en voeg ander by. Suksesvolle kreatiwiteit kom nooit uit slegs een idee nie; eerder uit 'n kombinasie van verskeie idees. **Eksperimenteer verder** met materiale om nuwe moontlikhede of uitbreiding van tegniek te ondersoek.			
7.	**Kies** *Kies die beste idee*	**Finale komposisietekeninge** Besinning/nabetragting			
8.	**Maak** *Realiseer idees*	**ONDERWERP 2:** **Skep** die kunswerk			

Die bronboek gee insig oor die manier waarop jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet alle gedagteprosesse wat tot die maak van kunswerke gelei het, duidelik oordra. Jy moet visueel die **'storie'** vertel van hoe jou kunswerk ontstaan en ontwikkel het, en geskep is deur teken, eksperimenteer en skryf. Dit moet jou **individualiteit** en **kreatiwiteit** as 'n Visuele Kunste-leerder weerspieël.

Kom ons verduidelik die stappe in die templaat:

1. VRA


Vind die probleem

- **Ondersoek** die tema/vraag van die opdrag.
- Wanneer jy die opdrag vir die praktiese assesseringstaak ontvang, is die eerste ding waarna jy gewoonlik kyk die tema. (Onthou om die opdrag in jou bronboek te plak)
- Die tema hou verband met die betekenis van 'n kunswerk, eerder as slegs die onderwerp. 'n Tema is dieper en breër as slegs die opdrag en stel idees voor wat die onderwerp, formele elemente en materialiteit bymekaarbring.
- **Wat moet jy doen:** Jy moet 'n visuele verhaal met 'n beginpunt (die tema) en 'n slot (jou kunswerk) en 'n reis tussenin (jou bronboek) skep.

2. LEER

Versamel toepaslike/relevante inligting

- Dit is die begin van die proses waar jy **meer moet uitvind** oor die tema deur alle idees wat met die tema verband hou, te versamel.
- Jy kan begin deur te kyk na die kunswerke wat in die projekopdrag ingesluit is en die maniere waarop ander kunstenaars by die tema betrokke geraak het. Dit is nuttig om die verskillende 'stringe' of moontlike paaie binne die tema te probeer identifiseer deur na die kunswerke wat in die opdrag verskaf word, te kyk.
- Leer is egter nie net om inligting in te neem nie, maar om daarby betrokke te raak en te besin oor wat jy sien.
- Skep 'n **breinkaart** of **skryf gedagtes neer** wat na vore kom met betrekking tot die tema of die kunswerke in die tema. 'n Breinkaart is 'n tipe spinnekop-diagram waar jy begin om jou idees te genereer. In die algemeen benodig jy ten minste 50 (verkieslik 100) inskrywings om dit die moeite werd te maak en ten volle deur te dink.
- Ander maniere om **inligting in te samel** sluit die volgende in: woordspeletjies, gebruik van woordeboeke en 'n tesourus, lyste maak, ens. Jy kan ook idees teken of krabbel.



Hierdie voorbeeld wys hoe die leerder verskillende moontlike paaie/roetes uit die tema ***"Brug***' onttrek het, wat die moontlikhede van reise en geskiedenisse ondersoek. Die woorde word ondersteun deur tekeninge om die verkenning te verryk.

Onthou om met jouself en jou eie persoonlike ervarings te begin. Baie kunstenaars dink dat hulle baie ver en wyd moet soek en met 'n uiters ingewikkelde onderwerp vorendag moet kom om hulle werk interessant te maak, maar iets wat **persoonlik relevant** vir die kunstenaars is, is gewoonlik beter. Jy moet konsentreer op dinge waarvoor jy omgee, wat jou roer. Voer onderhoude met jou familie en vriende, gebruik ou familiefoto's, voorwerpe wat spesiale betekenis het, ens. Kyk na jou 'verhaal' – jou familiegeskiedenis, tradisies, rituele en vertel 'n persoonlike verhaal. **'n Ware kunstenaar maak kuns wat vir hom/haar van waarde is.**

3. KYK

Verkry die kennis

Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het, is 'n goeie beginpunt. Versamel navorsing oor relevante kunstenaars in die veld of wat in die opdrag verskaf is. Lees en skryf oor die kunstenaars, met bolangse aandag aan hulle materiaal-, stilistiese of formele keuses en hoe hulle betekenis skep. Maak 'n paar van daardie kunswerke oor. Probeer om voorbeelde van die werk van kunstenaars wat versamel is, te herskep, en skenk aandag aan materiaal en tegniek. Jy word aangemoedig om 'n mate van vryheid te hê om die werke van andere te 'interpreteer' sodat jy daaruit kan leer en in jou eie rigting ontwikkel.

Hieronder is 'n voorbeeld van 'n herskepping van Clare Menck se kunswerk om betrokke te raak by materiaal en tegniese keuses van die kunstenaar.





Jy behoort nou 'n **paar algemene idees** vir die tema te hê. Wees op hierdie stadium ontvanklik en maak omvattend bymekaar. **Versamel:** materiaal wat jou inspireer en met jou idees verband hou, bv. foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke. Neem, waar moontlik, jou eie foto's.

4. SPEEL *Ontwikkeling*

Eksperimentering met **media** en/of verskillende **tegnieke** (kry inspirasie by die kunstenaars wat jy nagevors het)

- Kunstenaars vind dikwels inspirasie soos wat hulle **materiale begin manipuleer**. Vertroue en 'n mate van bemeestering van prosesse en materiale kan lei tot meer kreatiewe weergawe van nuwe idees. Dit is natuurlik om visuele idees te kry terwyl ons met visuele materiaal werk en nuwe tegnieke probeer.



5. DINK *Ontwikkel idees*

Jy behoort nou **'n paar idees te hê en moet met die keuringsproses begin**. Wat is die een of twee idees wat uitstaan en wat jy verder wil ondersoek?

Neem daardie idees en ontwikkel hulle – jou navorsing sal van nou af baie meer gefokus wees.

Vind jou onderwerp. Neem foto's. Begin werk met jou foto's deur tekeninge en ander media.

WENK: Jy wil nie baie stereotipiese komposisies met gesentraliseerde beelde skep nie. Begin, byvoorbeeld, 'speel' met fotostate van jou tekeninge en ander bronmateriaal, soos tydskrifbeelde, om ander opwindende moontlikhede vir die finale kunswerk te skep.

Dit kan die volgende insluit:

- Skeur, sny en oorvleueling ('layering') van visuele beelde
- Naasmekaarstelling van visuele beelde
- Skep dowwe/vae beelde deur die beeld te beweeg terwyl gekopieer of geskandeer word
- Gebruik deursigtige laagwerk/oorvleueling ('layering') deur beelde met kook-/lynolie te bedek of gebruik tekeninge op aftrekpapier ('tracing paper')
- Digitale manipulasies

- Doen baie duimnaelsketse om verskeie moontlikhede vir jou finale idee te oorweeg. Dink aan dinge soos die kontras tussen oop areas en vol areas, tussen donker en lig, ens. Dink aan negatiewe ruimtes, gebruik van diagonale lyne, ens. om 'n stemming of atmosfeer te skep. Moenie jou idees oorlaai nie.
- Begin om **komposisiesketse** met aantekeninge te maak.
- **Eksperimenteer verder** met materiale om nuwe moontlikhede of uitbreidings van tegnieke te ondersoek



6. KOMBINEER

Kombineer idees

Hierdie is 'n belangrike deel van die proses waar jy besin oor wat jy gedoen het en begin om met idees rond te speel, of om verskillende dele van jou navorsing saam te bring. Verbind idees, skakel sommige uit en voeg ander by. Bring jou beste 'stukke' van die komposisie, materiale, eksperimentering en onderwerpe bymekaar. Suksesvolle kreatiwiteit kom nooit uit slegs een idee nie; eerder uit 'n kombinasie van verskeie idees.





7. KIES

Kies die beste idee


Jy moet nou jou finale idee vir die kunswerk kies en kan dan begin om dit te verfyn.

- **Oorweeg die volgende wanneer die finale komposisie beplan word:** oorgange tussen voorwerpe, ongewone jukstaplasings (naasmekaarstellings), transformasie en metamorfose. Werk jou finale komposisie uit. 'n Goeie idee moet visueel opwindend wees.

Aanbieding en geheelindruk

Oorweeg die uitleg:

- Die voorkoms van 'n bronboek moet herinner aan wat jy van 'n kunstenaar sou kon verwag om te skep. (Dit is nie 'n plakboek nie.)
- Wissel bladuitleg af om verskeidenheid en visuele interessantheid te skep.
- Elke blad van jou bronboek moet kreatiwiteit weerspieël.
- Gebruik jou ruimte doeltreffend.



ONTHOU: Daar moet uitgebreide gebruik van teken(werk) in jou bronboek wees wat ten minste 30% van jou voorstel vir jou finale werk weerspieël. Verseker die uitgebreide gebruik van tekening om persepsie en uitvinding uit te druk en om gevoelens, ervarings en idees oor te dra.


Dit is belangrik dat **handvaardighede** in die bronboek gedemostreer word en dat teken geïnterpreteer word as die skep van merke ('mark making') om denke visueel te maak in:

- Verskillende media, bv. potlood, pen, verf, uitveërs, penne, ink, bleikmiddel, tou
- Verskillende style, bv. naturalisties, ekspressionisties, beweging ('gestural'), abstrak
- Verskillende tekentegnieke, bv. stippeling, arsering, krabbel, tonale tekening

Teken kan dus wissel van eenvoudige lynsketse om idees te verduidelik tot volledige tonale tekeninge. Dit kan ook klein skilderye insluit. Dit is belangrik om idees en konsepte uit te druk deur tekening, bv. tekeninge met aantekeninge.

- Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, Pinterest, ens. word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.
- Die proses van TRANSFORMASIE (VERANDERING) van die bronmateriaal is uiters belangrik.
- As jy geskikte ontleende visuele beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike visuele beelde kombineer om JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL

BRONBOEK-KONTROLELYS

BRONBOEK-KONTROLELYS		✓
	**1. Vra** • Ek het die tema van die onderwerp ondersoek.	
	**2. Leer** • Ek het noukeurig na die tema gekyk. • Ek het besin oor die tema. • Ek het verwante inligting deur dinkskrumme versamel – breinkaarte, woordspeletjies, persoonlike refleksies, ens. • Ek het na persoonlike toepaslikheid gesoek	
	**3. Kyk** • Ek het kunstenaars wat my geïnspireer het, nagevors. • Ek het materiaal versamel wat my geïnspireer het en met my idees verband hou, bv. foto's, beelde, versamelde gedigte, lirieke, ens. Ek het, waar moontlik, my eie foto's geneem.	
	**4. Speel** • Ek het wyd geëksperimenteer met media en/of verskillende tegnieke.	
	**5. Dink** • Ek het my eie onderwerp ontwikkel • Ek het my idees beperk tot een of twee wat uitgestaan het en wat ek verder wil ondersoek.	
	**6. Integreer** • Ek het na my proseswerk gekyk om idees, materiale en onderwerpe te kies. • Ek het gekyk na onverwagte kombinasies en idees gekombineer.	
	**7. Kies** • Ek het die finale idee gekies. • Ek het **komposisie**sketse met aantekeninge gemaak. • Ek het die finale aanbieding van my bronboek oorweeg.	
Ek het visueel die **'verhaal'** vertel van hoe my kunswerk bedink, ontwikkel en geskep is deur middel van teken, eksperimentering en skryf.		

ONDERWERP 2 – DIE SKEP VAN DIE KUNSWERK (Die maak van kreatiewe kunswerke, die bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyke te volg)

8. MAAK

Realiseer idees

Jou finale kunswerk sal meer suksesvol wees as jou beplanning deeglik is.

Jy het nou al 'n geruime tyd aan jou bronboek gewerk en behoort 'n duidelike konsep vir die finale kunswerk ontwikkel te hê. Dit is nou tyd om met die kunswerk te begin. Onthou dat jy in jou gespesialiseerde fokusarea werk, bv. teken, skilder, beeldhou, drukkunswerk, multimedia, fotografie, nuwe media.

Onthou dat daar 'n duidelike skakel tussen die bronboek en kunswerk MOET wees.

Kom ons kyk na 10 punte om te oorweeg tydens die skep van die finale kunswerk om 'n suksesvolle werk te verseker.

- **Tegniese vaardighede:** 'n Idee is net so goed soos die uitvoering daarvan. Swak vervaardigde werk sal 'n goeie idee verwoes. Jy moet oor voldoende tegniese vaardighede beskik.
- **Media:** 'n Kunswerk is eerstens 'n uitdrukking van die medium. In alle groot kunswerke is die onderwerp en die wyse waarop dit weergegee word, onafskeidbaar. Jy moet tegnieke bemeester om jou inhoud te beskerm.
- **Styl:** Daar is geen spesifieke voorskrifte met betrekking tot die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, ens. wees. Verken die verskillende style om jou sterk punte te vind.
- **Formele kunselemente:** Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie.
- **Komposisie:** Komposisie kan 'n kunswerk maak of breek. Komposisie is die rangskikking van die visuele dele op 'n manier wat vir die kunstenaar en hopelik die kyker aangenaam is. Komposisie kan die kyker ook aanmoedig of lei dat die oog oor die hele werk ronddwaal, alles inneem en uiteindelik weer by die **fokuspunt** tot rus kom. Die beginsels van kuns soos eenheid, beweging, proporsie, balans, ritme en kontras, speel 'n belangrike rol om visuele belangstelling te skep.
- **Wees waagmoedig:** Moenie bang wees om kanse te waag nie. Jy moet die kans benut om te eksperimenteer en nuwe dinge te probeer. Streef altyd daarna om kreatief en innoverend te wees.
- **Persoonlik:** Laat die kunswerk 'n uitdrukking van jou eie ervarings, idees, gevoelens, ens. wees om met die kyker te deel. Stereotipiese werke behaal gemiddelde punte.
- Werk met jou **sterk punte:** Is dit teken of om met patrone te werk of om met verskillende materiaal te speel?
- **Geniet** wat jy doen en skep iets wat visueel interessant is.
- **Tyd** is 'n faktor wanneer jy die praktiese werk doen; moet dit dus nie vermors nie, anders gaan jy onvoltooide werk inlewer.

Soos jy in jou studie van kunswerke en literatuur sien, is die boodskap en betekenis oop vir interpretasie. Ons baseer ons interpretasie op die kunswerk, agtergrondkennis, kontekstuele faktore, ens. Jy het dalk 'n baie spesifieke idee of boodskap in jou kunswerk ontwikkel, maar die kyker kan 'n ander betekenis vind. Dit is die krag van 'n kunswerk – dat dit oop is vir interpretasie. Alhoewel jy 'n spesifieke konsep in die finale werk uitbeeld, moet dit nie illustreer nie, maar skep 'n kunswerk wat anders geïnterpreteer kan word.

3.2 Vereistes: Jaarplan

Die tabel hieronder gee duidelikheid oor praktiese take waar die bronboek (Onderwerp 1) deel uitmaak van die SGA-punt en die kunswerk (Onderwerp 2) deel uitmaak van die PAT-uitstalling.

<table>
<tr><th colspan="4">JAARLIKSE PLAN VAN ASSESSERING VIR VISUELE KUNSTE – GRAAD 12</th></tr>
<tr><th colspan="3">SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING: 25%
150 + 200 + 100 = 450 punte verwerk na 100 punte (SGA)</th><th>EKSAMEN
75%</th></tr>
<tr><th>KWARTAAL 1</th><th>KWARTAAL 2</th><th>KWARTAAL 3</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td>TAAK 1
TEORIETOETS
(summatiewe assessering)
Minimum van 50 punte</td><td>TAAK 3
TEORIE-EKSAMEN OF GEKONTROLEERDE TOETS
(summatiewe assessering)
100 punte</td><td>TAAK 5
PROEFEKSAMEN
(summatiewe assessering)
100 punte</td><td>TAAK 7
NSS FINALE EKSAMEN
V1 TEORIE-EKSAMEN
(summatiewe assessering)
100 punte
Eksterne assessering</td></tr>
<tr><td>TAAK 2
KONSEPTUALISERING
Onderwerp 1
KUNSWERK 1
(formatiewe assessering)
100 punte</td><td>TAAK 4
KONSEPTUALISERING
Onderwerp 1
KUNSWERK 2
(formatiewe assessering)
100 punte</td><td>TAAK 7
NSS FINALE EKSAMEN
V2
KONSEPTUALISERING
(summatiewe assessering)
Eksterne assessering (50 punte)</td><td>TAAK 7
NSS FINALE EKSAMEN
V2 KUNSWERK
(summatiewe assessering)
Eksterne assessering (50 punte)</td></tr>
<tr><td colspan="4">TAAK 6 – PAT (RETROSPEKTIEWE UITSTALLING)
(Deurlopende assessering van Kwartaal 1 tot 2)</td></tr>
<tr><th>KWARTAAL 1</th><th>KWARTAAL 2</th><th>KWARTAAL 3</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td>KUNSWERK 1
Onderwerp 2
(informele assessering)</td><td>KUNSWERK 2
Onderwerp 2
(informele assessering)</td><td colspan="2">PAT-UITSTALLING
(summatiewe assessering)</td></tr>
<tr><td colspan="4">100%</td></tr>
<tr><td colspan="4">100 (SGA) + 100 (PAT) + 100 (PRAKTIESE EKSAMEN) + 100 (TEORIE-EKSAMEN) = 400 (TOTALE PUNTE)</td></tr>
</table>

3.3 Assessering

ONDERWERP 1: BRONBOEK

ASSESSERINGS-KRITERIA	Dit sluit die volgende in:	Gewigstoe-kenning
Konsepontwikkeling	• Breinkaarte, sketse met byskrifte en tekeninge om konsepontwikkeling te toon	**25%**
Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.	• Dit moet **sommige of al** die volgende insluit: ○ Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, gedigte, lirieke en ander materiaal wat jou inspireer ○ Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het ○ Eksperimentering van media en/of verskillende tegnieke • Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van **jou** werk en **jou** besluite ondersteun.	**25%**
Prosestekeninge	• Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsepontwikkeling te verduidelik.	**25%**
Aanbieding en algehele voorkoms	• Visueel interessant om 'n persoonlike benadering te wys • Jou bronboek behoort uit gemiddeld 8–10 bladsye te bestaan.	**25%**
TOTAAL		**100**

Riglyne vir assessering

- Soos gesien uit die rubriek vir die bronboek, dra die vier assesseringskriteria gelyke gewig.
- Elke assesseringskriterium moet as 'n persentasie nagesien word.
- Die vier punte moet bymekaar getel word vir 'n punt uit 400 en dan deur 4 gedeel word om die totaal uit 100 te kry.
- In graad 12 moet die spesifieke kriteria wat in die rubriek gestipuleer is, nagekom word ter voorbereiding vir die NSS Vraestel 2. Onderwysers mag nie hulle eie vereistes stel nie.
- Die beskrywende rubriek, ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK, op bladsy 11 en 12 MOET in al die kriteria gebruik word om standaardisering te verseker





ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

ASSESSERINGSKRITERIA	Dit sluit die volgende in:
Keuse en gebruik van materiale/tegnieke	• Geskiktheid van material en tegniek volgens die konsep • Veilig en hanteerbaar • Tegniese vaardigheid
Gebruik van formele kunsbeginsels	• Die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, balans, harmonie, proporsie en komposisie
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering/vernuwing	• Ontwikkeling van nuwe en unieke antwoorde/oplossings
Vertolking/Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	• 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema • Eksperimentering • Probeer nuwe uitdagings
Voltooiing en voorlegging/aanbieding van kunswerk	• Aandag aan detail • Taak in toegelate tyd voltooi • Aanbieding volgens taak
TOTAAL	**100**

Riglyne vir assessering

- Die kunswerk MOET **holisties geassesseer** word en geen spesifieke puntetoekennings mag vir die verskillende kriteria gebruik word nie.
- Die beskrywende rubriek, ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK, op bladsy 11 en 12 MOET gebruik word om standaardisering te verseker.

3.4 Afwesigheid/Take nie ingelewer nie

- Afwesigheid of take wat nie ingelewer is nie, sal 'n ONVOLLEDIGE punt tot gevolg hê.
- Om egtheid te verseker, moet **60% van die kunswerk** (ONDERWERP 2) by die skool voltooi word.
- Indien werke by die huis voltooi word, kan die onderwyser nie die egtheid daarvan goedkeur nie en 0% sal toegeken word.

3.5 Aanbiedingsvereistes

ONDERWERP 1 (Bronboek): Minimum van 8–10 bladsye
ONDERWERP 2 (Kunswerk): Jou onderwyser sal jou help met jou aanbieding, montering, uitstalling, ens. vir nasiendoeleindes.

3.6 Tydraamwerke

- Presiese, nie-onderhandelbare datums vir inlewering van werk
- Kontrolepunte tydens die proses

3.7 Verklaring van egtheid

Verwys na BYLAE A op bladsy 27.

4. LIST OF RESOURCES

LTSM – Bronverwysings

- Handboek deur die DBE goedgekeur.
- Naslaanboeke, katalogusse en tydskrifte soos *Art Africa* en *Art Times*, foto's, PowerPoint-aanbiedings en video's om waardevolle onderrig- en leerondersteuningsmateriaal te verskaf.
- Besoeke aan kunsuitstallings. Gereelde, volgehoue besoeke aan kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel. Waar besoeke onmoontlik is (skole in landelike gebiede, ens.), moet koerant- of aanlyn resensies, ens. gereeld geraadpleeg word.
- Die internet: Gebruik die soekenjins om nuttige webwerwe te vind. As jy 'n '.edu' of '.org' aan die einde van jou soekfrase plaas, sal dit jou dikwels na opvoedkundige of museum-/ galerywebwerwe lei. YouTube bied baie praktiese werkswinkels. Inspirasie vir praktiese take kan op Pinterest gevind word.

5. SLOT

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders hulle begrip van die bedryf sowel as hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns kan demonstreer, sowel as betrekkinge buite die klaskamer kan vestig en uitdagings in die wêreld daarbuite kan aandurf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te raak.

LET WEL: Al die kunswerke in hierdie dokument is deur graad 12-leerders geskep.





BYLAE A

VERKLARING VAN EGTHEID **Ten minste 60% van hierdie PAT is onder toesig van die Visuele Kunste-onderwyser gedoen. Hierdie verklaring sertifiseer dat al die werk wat ingelewer is, oorspronklik is en die werk van die leerder is.**		
	HANDTEKENING	**DATUM**
Leerder		
Onderwyser		
Skool		
Skoolhoof		
Skoolstempel		

BYLAE B

VOORBEELD VAN PRAKTIESE TAAK

Onderwysers kan hierdie voorbeeld as een van hulle praktiese take in 2026 gebruik.

My Storie


Storievertelling skep 'n web van verbinding tussen diegene wat vertel en diegene wat luister, wat oor duisende jare en oor kulture en kontinente heen geweef is.

Aangepas uit: Walter Benjamin, ***Die Storieverteller: Besinnings oor die Werke van Nikolai Leskov***, 1936.



Regs: Kim Lieberman, ***Constellations (Konstellasies)***, gemengde media op posseëlpapier, 2008.

Peter Berger het gesê dat die menslike lewe deur stories gevorm word. Ons vertel stories om ons ervarings te deel en sin daarvan te maak. Sommige kunstenaars vertel baie intieme en persoonlike stories, maar storievertelling kan ook publiek wees. Vir duisende jare het kunstenaars die stories van kulturele geskiedenis en godsdienstige rituele vertel. Kunstenaars gebruik ook storievertelling om sosiale en politieke kwessies te verken, terwyl ander narratiewe gebruik om fiktiewe wêrelde of alternatiewe realiteite te skep. Vir hierdie PAT word jy genooi om jou storie te vertel.



Een van die oudste vorme van storievertelling in Afrika is rotskuns.

Die San-kunstenaars het spirituele ervarings in hul kuns oorgedra. Rotskuns verbind ons met ons kulturele en historiese wortels.

Outobiografie in Kontemporêre Kuns

Kunstenaars vertel soms diep persoonlike stories, en deel moeilike oomblikke uit hulle lewens en herinneringe.




Tracey Emin, ***My Bed (My Bed)***, klaar gemaak, 1998.




Mary Sibande,Lovers in ***Tango (Geliefdes in Tango***), gemengde media, veselglas en katoenstof, 2011.

Sibande ondersoek die verhouding tussen haar moeder en vervreemde vader. Die kunswerk praat van verlange en afwesigheid, en 'n dans wat net buite bereik bly.




Frida Kahlo, ***Tree of Hope Remain Strong*, *(Boom van Hoop Bly Sterk)***, olie op bord 1946.



Marcellina Akpojotor, ***Papa's girl, Kesiena's diary (Pappa se dogter, Kesiena se dagboek***), materiaal, papier en akriel op doek, 2021.

Die dagboek dui aan dat dit private en gekoesterde oomblikke is.



Richard Avedon, ***Jacob Israel Avedon***, swart-en-wit foto, 1974.



Edvard Munch, ***The Sick Child Child (Die Siek Kind***), olie op doek, 1885–86.

Daaglikse lewe

Nie alle kunstenaars vertel stories van moeilike omstandighede of persoonlike stories nie. Baie deel gebeurtenisse uit die daaglike lewe om die vreugde en menslike verbintenis in daaglike (alledaagse) aktiwiteite oor te dra.



Gerard Sekoto, ***The Visitor, Eastwood (Die Besoeker, Eastwoord)***, olie op doek, 1947.



Sam Nhlengethwa, ***The Blues (Die Blues)***, fotografiese ets, 2014.



George Pemba, ***The Prodigal Son (Die Verlore Seun)***, olie op bord, 1971.



Peter Clarke, ***Vandag is daar niks wat goedkoop is nie (Today there is nothing that is cheap)***, linosnee, 1979.



Azaria Mbatha, ***Everyday Life (Alledaagse lewe***), linosnee, datum onbekend.




Anna Lamprecht, ***Karoo Dam Painting (Karoo-dam-skildery)***, olieverf, datum onbekend.




Orvo Raatikainen, ***Boys fishing (Seuns wat visvang)***, 1971, olie op doek.



Jan van Eyck, ***Arnolfini Portraitt (Arnolfini-portret)***, olie op eikehoutpaneel, 1434.



John Currin, ***Thanksgiving (Danksegging)***, olie op doek, 2003.



Paula Rego, ***The Artist in Her Studio (Die Kunstenaar in Haar Ateljee)***, akriel op doek, 1993.




Valeria Duca, ***It's the end of the World (Dit is die einde van die Wêreld)***, olie op paneel, 2020.

Om politieke stories te vertel

Kunstenaars gebruik narratiewe om sosiale en politieke kwessies, soos ras, geslag, identiteit en politieke gebeure, te verken.



Pablo Picasso, ***Guernica***, olie op doek, 1937.



Kevin Brand, ***19 Boys Running*** (***19 Seuns wat hardloop***), beeldhouwerk-installasie van hout, polistireen, papier en verf, 1998.

Hierdie werk vertel die verhaal van 'n spesifieke voorval in Uitenhage, toe die polisie op mense wat 'n verbode begrafnis bygewoon het, losgebrand het en 20 mense doodgemaak het. Die werk wys die verskrikte figure wat probeer ontsnap.




Senzeni Mthwakazi, ***Waiting for Gebane***, ***(Wag vir Gebane)*** gemengde media, 2020.



Senzeni Mthwakazi, ***Waiting for Gebane (Wag vir Gebane)***, installasie, 2020.

Mthwakazi vertel die verhaal van vroue wat agtergelaat is terwyl hul mans werk gaan soek het. Sy kanaliseer hierdie ervaring deur 'n karakter genaamd Theodorah, 'n plaasvervanger vir haar eie ma en baie vroue in Suid-Afrika se verlede. Wanneer Theodorah se man, Gebane, na Johannesburg vertrek, gee hy haar 'n tradisionele rooi ishweshwe-rok as 'n simbool van hul huwelik. Sy dra hierdie rok dan elke dag vir jare as 'n kragtige daad van wag, lojaliteit en storievertelling.



William Kentridge**, *History of the Main Complaint (Geskiedenis van die Hoofklag)*,** houtskooltekeninge, 1996.



James Earley, ***Stop and Cross (Stop en Oorsteek)***, olie op doek, datum onbekend.

Geestelike lewe

Baie kunstenaars vertel die verhaal van hulle geestelike lewe of geloofstelsels in hulle kuns.



Manyaku Mashilo, ***Grandmothers Teachings Night of the Red Moons*** **(Grootmoeders se Leringe, Nag van die Rooi Maan)**, akriel, ink, rooi oker op doek, 2024.

Mashilo spreek temas van spirituele identiteit, geheue en afkoms aan.




Hasan en Husain Essop, ***Last Supper in Havana, (Laaste Nagmaal in Havana)***, fotografiese druk, 2009.

Mites en verbeeldings-toekomste

Kunstenaars het kunsmaak gebruik om mites, fiktiewe wêrelde of verbeeldings-toekomste oor te dra.



Hieronymus Bosch, ***The Garden of Earthly Delights (Die Tuin van Aardse Genietinge)***, olie op paneel, 1490-1500.



Parinaz Eleish, ***Cairo (Kairo)***, gemengde media en olie op doek, 2024.



Nathaniel Aric Galka, ***Frogie's swimming hole (Frogie se swemgat)***, olie op marmergepleisterde jute met goudblaar, ink en was, 2022.

Kuns en die Boek

Kunstenaars wat met narratiewe werk, kan 'n verskeidenheid mediums gebruik, van skilderkuns en beeldhouwerk tot video- en installasiekuns. Sommige kunstenaars gebruik die medium van die boekteks om kunswerke te skep.



Cristina Lucas, ***Pink Monochrome (Pienk Monochroom)***, inkdruk op metakrilaat en wit dibond, 2016.



Claude Chandler, ***Hollow (Hol)***, akriel en spuitverf op doek, 2023.

Lucas ontleed politieke en ekonomiese strukture en dissekteer hulle om die teenstrydighede tussen amptelike en kollektiewe geskiedenisse te openbaar.



Elida Tessler, ***Could You Give Me Your Word? (Kan Jy My Jou Woord Gee?)***, wasgoedpennetjies en teks, voortgesette projek.

ONDERWERP 1: BRONBOEK

Die tema van ***My storie*** nooi verkenning van jou innerlike wêreld en die van andere uit.

Die volgende is 'n sewe-stap-riglyn oor hoe om die tema van ***My storie*** te ondersoek.

Onthou jy moet die storie VISUEEL vertel met 'n beginpunt (die tema), 'n slot (jou kunswerk) en 'n reis tussenin (jou bronboek).

1. VRA

Vind die probleem

- Die eerste ding is om die opdrag in jou bronboek te plak.
- Begin om uitbeeldings van stories te verken
- Skep 'n voorblad vir hierdie taak.

2. LEER

Versamel toepaslike/relevante inligting

Jy gaan nou begin om jou interpretasie van ***My storie*** te ondersoek

Begin met 'n ontdekkingstog van wat *My storie* vir jou beteken.

Reageer op enige vrae uit die lys hieronder wat vir jou betekenisvol is:

- Watter persoonlike storie wil jy vertel?
- Watter belangrike stories is in jou familie of jou kultuur?
- Is daar belangrike stories in jou geskiedenis?
- Watter medium sal jou storie die beste oordra?

3. KYK

Verkry die kennis

Jy behoort nou 'n **paar algemene idees** vir jou storie te hê. Wees op hierdie stadium ontvanklik vir idees en maak omvattend bymekaar.

Dit behoort die volgende in te sluit:

:

- Neem foto's van jouself of van iemand wat verskeie gevoelens of stories uitbeeld. Organiseer die foto's. Sorteer die foto's deur byskrifte by te voeg. Skryf byskrifte by elke foto om die storie te verduidelik.
- Probeer verskillende komposisies maak, soos formele foto-komposisies en informele of prettige prente. Gebruik beeld-superposisionering of collage-tegnieke om visuele beeldmateriaal te meng en te kombineer wat jou konsepte van ***My storie*** verteenwoordig.
- Kies 'n aantal voorwerpe wat aspekte van jou storie verduidelik. Maak 'n paar tekeninge daarvan of versamel bronmateriaal wat daarmee verband hou.
- Neem jou eie foto's waar moontlik.

Fokus nou jou aandag op hoe kunstenaars oor *My storie* gedink het.

Doen navorsing oor DRIE kunstenaars wat jou geïnspireer het. (Jy kan kunstenaars uit hierdie dokument kies.)

EEN moet 'n internasionale kunstenaar wees en TWEE moet kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars wees. Sorg dat hul werk vir jou relevant is.

Gebruik die kunstenaars wat jy nagevors het deur areas van hulle werk te herskep om oor hulle onderwerpe, tegnieke en materiale te leer. Jy word aangemoedig om 'n mate van vryheid te hê om ander se werke te 'interpreteer', sodat jy daaruit kan leer en in jou eie rigting ontwikkel.

4. SPEEL

Ontwikkeling

- Onthou dat die tema van ***My storie*** op baie verskillende maniere geïnterpreteer kan word en dus moet jy verskillende **tegnieke, style en/of eksperimenteer met media** ondersoek om gevoelens of verbindings wat deur die materiaal gemaak word, te ontbloot.
- **Teken/Skets:** Skep 'n reeks tekeninge, hetsy uit die lewe of vanaf die foto's wat jy versamel het. Jy kan eksperimenteer met verskillende style, soos naturalisme, vereenvoudiging of stilering, om verskillende aspekte van jou gevoelens of idees oor te dra.
- **Collage**: Gebruik foto's of ander voorwerpe om 'n collage te skep. Jy kan die visuele beelde op 'n spesifieke manier rangskik om 'n storie te vertel of om spesifieke verhoudings uit te lig. Jy kan verhoudings herskep wat dalk nie gewys word nie, of die dinamika hervoorstel soos jy dit sien.
- **Narratief**: Jy kan 'n reeks visuele beelde skep wat 'n storie oor jou vertel. Sluit 'n verskeidenheid media, soos verf of tekeninge by jou collage in om aantekeninge by te voeg en voeg verskillende aspekte van ***My storie*** in wat nie in die foto's uitgebeeld word nie.
- **Kombinasies van voorwerpe, woorde, kleure en verskillende media:** Eksperimenteer hiermee deur collages te skep.

5. DINK

Ontwikkel idees

- Jy behoort nou verskeie idees te hê.
- Begin met die keuringsproses deur een of twee idees wat uitstaan, te kies vir verdere ondersoek. Indien toepaslik, neem op hierdie stadium nog foto's om jou ondersoek te ondersteun.
- Ontwikkel jou idees verder – jou navorsing sal van hierdie punt af meer gefokus en doelgerig word.

6. INTEGREER

Kombineer idees

Hierdie is 'n belangrike deel van die proses waar jy begin om idees te vermeng en onverwagte kombinasies te verken. Verbind die dele van jou navorsing deur sommige elemente te elimineer, te besin oor wat nodig is en ander by te voeg. Kombineer die sterkste aspekte van jou komposisie, materiale, eksperimente en onderwerpe. Suksesvolle kreatiwiteit ontstaan dikwels nie uit 'n enkele idee nie, maar uit 'n kombinasie van verskeie idees.

Kopiereg voorbehou

7. KIES

Kies die bette idee

Jy moet nou jou finale idee vir die kunswerk kies en dan begin om dit te verfyn. Begin om gedetailleerde **komposisiesketse met aantekeninge** om jou werk te beplan.

ONTHOU: Jou bronboek moet al jou prosesse wat tot die finale kunswerk gelei het, duidelik toon.

- Wissel bladuitleg af om verskeidenheid en visuele interessantheid te skep.
- Elke bladsy van jou bronboek moet kreatiwiteit weerspieël.
- Gebruik jou ruimte doeltreffend

ONTHOU: Daar moet uitgebreide gebruik van **teken(werk)** in jou bronboek wees wat ten minste 30% van jou voorstel vir jou finale werk weerspieël. Verseker die uitgebreide gebruik van tekening om persepsie en uitvinding uit te druk en om gevoelens, ervarings en idees oor te dra.

Dit is belangrik dat handvaardighede in die bronboek gedemonstreer word en dat teken geïnterpreteer word as die skep van merke ('mark making') om denke visueel te maak in:

- Verskillende media, bv. potlood, pen, verf, uitveërs, penne, ink, bleikmiddel, tou
- Verskillende style, bv. naturalisties, ekspressionisties, beweging ('gestural'), abstrak
- Verskillende tekentegnieke, bv. stippeling, arsering, krabbel, tonale tekeninge

Teken kan dus wissel van eenvoudige lynsketse om idees te verduidelik tot volledige tonale tekeninge. Dit kan ook klein skilderye insluit. Dit is belangrik om idees en konsepte uit te druk deur tekening, bv. tekeninge met aantekeninge.

Verwys na die volgende webtuistes/-werwe wat verskillende voorstelle bevat om idees vir jou bronboek te ontwikkel.

https://www.studentartguide.com/featured/identity-ib-visual-arts
https://theartofeducation.edu/2018/07/6-easy-ways-to-incorporate-text-in-your-visual-journal/
https://theartofeducation.edu/2018/04/50-visual-journal-prompts-to-promote-drawing-and-creative-thinking-skills/
https://www.bbc.co.uk/bitesize/guides/zgtngdm/revision/4



Ruby Swinney, ***Soft Water (Sagte Water)***, olie op sy, 2023.

BYLAE C

DIE GEBRUIK VAN KI-GEGENEREERDE BEELDGEBRUIK/INLIGTING ('AI-GENERATED IMAGERY/INFORMATION')

Die gebruik van kunsmatige intelligensie groei vinnig, met baie KI-gereedskap en -platforms waartoe toegang verkry kan word. Dit kan 'n nuttige tydbesparende hulpmiddel wees as dit korrek gebruik word. Dit kan help om 'kunstenaarsblok' te oorkom, of om inspirasie, ondersteuning en bystand te verskaf, veral vir dinkskrums en idees voortbring ('spark') om vinniger vordering te maak. Dit open nuwe moontlikhede – soos virtuele of aangepaste realiteit ('augmented reality') asook nuwe maniere van hoe en waar kuns ervaar of uitgestal word.

Wanneer KI gebruik word, is dit noodsaaklik om dit as 'n instrument te benader eerder as 'n plaasvervanger vir 'n mens se eie artistieke vaardigheid, kreatiwiteit en oorspronklikheid. KI-gegenereerde beelde moet slegs gebruik word as 'n beginpunt in die reis om 'n mens se eie unieke kunssinige stem uit te druk.

Wanneer hulle die gebruik van KI ondersoek, moet leerders bewus wees van die volgende:

- KI kan nie net gebruik word met die doel om 'n kunsidee te genereer wat dan bloot gekopieer word nie. Dit moet eerder as 'n bron van inspirasie gebruik word – gekombineer met die leerders se eie idees en visie.
- Verstaan, eksperimenteer en verken die volle omvang van die platform/s wat gebruik word. Baie visuele beelde wat deur verskillende aansporings gegenereer word, eerder as net een, kan help om meer oorspronklike konsepte te ontwikkel.
- KI-gegenereerde visuele beelde moet dus slegs as inspirasie dien en moet kunssinige bedoelings weerspieël. Die KI-instrument moet idees verbeter en verfyn sodat artistieke integriteit ten alle tye gehandhaaf word. Leerders moet etiese beginsels handhaaf deur bewus te wees van bevooroordeelde en stereotipiese reaksies.
- Verken KI-gegenereerde tegnologie deur die resultate krities waar te neem en te analiseer. Dink na oor die sterk- en swakpunte van KI en leer uit hierdie insigte.
- Onthou dat KI 'n instrument is wat die kreatiewe reis moet verbeter, maar die vermoëns en beperkings daarvan moet verstaan word.
- Waar KI-gegenereerde beelde gebruik is om 'n idee te ontwikkel, moet leerders die KI-bystand in hul bronboek erken as 'n duimnaelbeeld met die spesifieke webwerf/webwerwe en aanwysings wat gebruik word om die beelde te genereer. Leerders moet kan openbaar hoe hulle KI as ondersteuning gebruik het – dit wil sê, dinkskrum, uiteensetting, terugvoer, ens.
- Voldoende veranderinge/aanpassings/of insluiting van ander/studente se beelde moet duidelik in die finale kunswerk wees om penalisering weens plagiaat te vermy.
- Onthou, KI kan nooit die plek van 'n kunstenaar inneem nie. Verseker dat etiese praktyke gevolg word om plagiaat te vermy.

Kopiereg voorbehou